NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

## NASIENRIGLYNE

Tyd: 2½ uur | 100 punte

---

**Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiserings-vergadering, daar verskillende vertolkings mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.**

---

## AFDELING A LETTERKUNDE

***DONKER WEB –*** Fanie Viljoen

**Algemene riglyne:**

- *Name mag verkeerd gespel word, maar moet nog steeds as die naam gelees kan word. Wanneer daar egter spesifiek vir 'n naam van 'n belangrike karakter vir een punt gevra word, moet die kandidaat die naam korrek spel.*

- *Engelse woorde mag slegs aanvaar word indien dit so in die boek gebruik word.*

- *Woorde wat verkeerd gespel word en 'n nuwe foutiewe betekenis skep, word as 'n verkeerde feit gepenaliseer.*

- *Punte word nie afgetrek vir foutiewe taal nie. Indien taalfoute egter die betekenis van die antwoorde beïnvloed, moet geen punt toegeken word nie.*

- *Indien die eerste deel van 'n vraag verkeerd beantwoord is, word daar steeds 'n punt toegeken vir die tweede deel van die vraag indien dit korrek is. (Let wel: nie by opinievrae nie, bv. die ja of nee moet ooreenstem met die motivering.)*

- *Indien die eerste deel van die antwoord nie die vraag beantwoord nie, maar die tweede deel beantwoord die vraag, kry die kandidaat wel die punt. (Gebruik eie oordeel indien dit voorkom asof kandidaat die vraag misverstaan en 'n skoot in die donker gewaag het met talle moontlike antwoorde.)*

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 1 SPINNEKOPWEB

1.1 Thomas Lawson

1.2 Dit was 'n partytjie met belangrike sakekennisse/baie mense.
**OF**
Sebastian Stadler het Thomas Lawson gevra om Greg te nooi.

1.3 Thomas Lawson is ontevrede dat Greg Sportwetenskap studeer.
**OF**
Thomas Lawson wil hê Greg moet oorskakel na 'n besigheidsgraad.

1.4 D – Dr. Alec Pienaar en Chris Owen

1.5 Hy wou seker maak of Dr. Trollip op die Organogram van PlusUltraMed was.
**OF**
Dis 'n internetargief van ou webblaaie – PlusUltraMed se webblad is afgehaal. So kan Greg weer toegang tot die webblad kry (letterlike betekenis).
**OF**
Om inligting van die Baker op te spoor.

1.6 Hy het Rian Trollip by 'n partytjie (wat sy ouers by hulle huis gehou het) ontmoet.

1.7 Hy en sy vrou het baie mooi gedans.
**OF**
Sy ligte vel met die blou are wat daarop uitgestaan het.
**OF**
Daar was iets vreemds aan hom/dooiemensreuk aan sy hande.

1.8 John was nie lus om praatjies met grootmense te maak nie.
**OF**
Daar was iets vreemds aan hom (hande met knoppe en blou are soos webbe).

1.9 Onwaar
Hy was skuldig bevind aan kinderpornografie.

1.10 Sebastian Stadler het kinderpornografie op sy rekenaar geplant/opgelaai.

1.11 Hy het homself blykbaar opgehang.
**OF**
Hy is deur ander gevangenes vermoor (sodat dit na selfmoord lyk).

1.12 Mev. Trollip het van haar man geskei.

1.13 Sy het vir Greg die gebrande boek gestuur.

1.14 Greg het gesukkel om vir Xander te vertou.

IEB Copyright © 2024

**VRAAG 2 BLOED IS DIKKER AS WATER**

2.1 Hy het gehou van die opwinding, om grense uit te daag/te toets.

2.2
- Soweto Towers
- Moses Mabidha Stadium in Durban

2.3 John het selfmoord/selfdood gepleeg.

2.4 Sy pa het gesê dit moes liewer Greg gewees het en Greg was kwaad hieroor.
**OF**
Sy pa het hom nie toegelaat om oor sy broer te huil nie/Greg moes altyd sterk wees.

2.5 Sy het gevoel dat almal vir wie sy lief is, van haar af weggevat word.

2.6 Baie alleen/sy was hartseer. (emosie)
Sy het die huis se vensters en gordyne toegetrek en geskree.(optrede)

2.7 Sy het 'n buite-egtelike verhouding met André Symington ('n minnaar) aangeknoop.

2.8 André was ook 'n chemiese ingenieur van beroep.

2.9 **Paragraaf van tussen 80–120 woorde**

[1] Chris Owen

[2] The Candlestickmaker

[3] Chris Owen sit in die tronk
(Pretoria Sentraal / Kgosi Mampuru II / C-Max)

[4] Greg is verantwoordelik daarvoor dat hy in die tronk sit.
**EN**
Greg het die familie se goeie naam deur die modder gesleep.
**EN**
Hy het hulle gesin vernietig.*(enige twee)*

[5] Ja, onskuldige mense is dood *(slegs voorbeeld van 'n opinie vraag)*
**OF**
Nee, Greg moes sy pa beskerm het.

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 3 PROMETHEUS

3.1 Die Baker se mense / soldate / veiligheidswagte / polisie.

3.2 Ons was op die Baker se spoor om hom te vang/identifiseer.
Ons was 'n bedreiging vir hom. ✓

3.3 Plank het Lisa van die straatverkoper (Candon) se foon af geskakel.
Hy was vriende met Candon en het hom vertel waar ons bly.

3.4 ... het hy my pa laat ontvoer en toe laat doodmaak.

3.5 My pa was die regter in 'n hofsaak teen hom/sy vennote.
Hy wou my pa omkoop, maar my pa het besef dis verkeerd.

3.6 Dr. Alec Pienaar.

3.7 Dr. Pienaar is doodgemaak in die tronk
**EN**
Chris Owen lê in die intensiewesorg eenheid.

3.8 Omdat ek sleg gevoel het oor jou familie/omdat ek kon sien jy het seergekry toe jou familie uitmekaar geskeur is.

3.9 Was ook die sondes af, net net jou gesig nie.
**EN**
Greg moes erken dat sy pa die oorsaak was dat Xander 'n gebroke lewe gelei het ...
**OF**
Greg moes erken dat hy bevoorreg grootgeword het en dat Xander moeilike tienerjare/grootword jare gehad het.

3.10 Greg se beste vriend Plank is dood.

3.11 Oom Dirk het die boot bestuur.

3.12 Plank het 'n mikroskyfie / transponder in sy hand wat in Greg se naam geregistreer is.

3.13 Oom Dirk se kontakte by die ambassade het hulle gehelp.


IEB Copyright © 2024

## VRAAG 4 SLANGE

Orals duik slange in die verhaal Donker Web op: Suid-Afrika, Turkye tot Venesië.
**Lengte:** 250 en 400 woorde
**Tema:** Die Baker as die "grootste slang", moet betaal vir wat hy aan soveel mense gedoen het.

**Onthou tydens die nasien:**

- Die opstel moet 'n inleiding en slotparagraaf hê.
- Leerlinge moes hulle beplanning (volgens die instruksies) aan die agterkant van die bladsy gedoen, en doodgetrek het.
- Leerling is aangeraai om paragrawe volgens die kolpunte in te deel.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
- Die aantal woorde moet aan die einde van die opstel aangedui wees.



---

**A Inleiding**

---

**B Grootword jare**

$^{1}_{1}$ Uitschot~~s~~kraal

$^{2}_{1}$ Hy het hulle pak slae gegee.

$^{3}_{1}$ Hy vergiftig diere / slange / reptiele.

$^{4}_{1}$ Hy stop al die diere op en hou dit in sy kamer

---

**C Studie en werk**

$^{1}_{2}$ Project Coast

$^{2}_{2}$ Hy leer van/eksperimenteer met gifstowwe.

$^{3}_{2}$ Hy verbrand die boek met al die formules in.

$^{4}_{2}$ Rian Trollip
$^{4}_{2}$ ... hou dit om dit later te gebruik/dalk vir die polisie te gee.

$^{5}_{2}$ Valkyrie

$^{6}_{2}$ Hulle (probeer) koop die regter om.
**EN**
$^{6}_{2}$ Hulle ontvoer die regter toe hy nie wil saamwerk nie.

$^{7}_{2}$ Trollip wou die inligting aan die polisie gee.

IEB Copyright © 2024

## D Die dodelike slang

$^{1}_{3}$ CRISP

$^{2}_{3}$ Hy wou uitvind waar hy Greg en Xander kon vang/kry.

$^{3}_{3}$ Greg kry die adres op 'n faktuur wat in die Baker se (rekenaar) asblik was.

$^{4}_{3}$ Hy/hulle vlug/pak op en vertrek na Venesië.

$^{5}_{3}$ Hulle slaag daarin om 'n foto met die MeterPeter program te neem. Hulle vind uit dat die kerk op die agtergrond van die foto in Venesië is.

$^{6}_{3}$ Taylor Swift

$^{7}_{3}$ Xander skiet die Baker.

## E Slot

**Assessering:** word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen.

| | | |
|---|---|---|
| **INHOUD** | Die inhoud van die literêre opstel word bepunt volgens feite na aanleiding van die **nasienriglyne** van die betrokke vraestel. | |
| **STRUKTUUR EN TAAL** | **KRITERIA** | |
| | **Struktuur:**<br>**Taal:** | Oorspronklike/kreatiewe inleiding en slot; feite **uitsonderlik** uiteengesit.<br>Puik |
| | **Struktuur:**<br>**Taal:** | Goeie inleiding en/of slot;<br>Feite **sinvol** uiteengesit.<br>Wel taalfoute, maar leesstuk vloei nog. |
| | **Struktuur:**<br>**Taal:** | Geen inleiding en/of slot nie;<br>Feite **verstaanbaar** uiteengesit.<br>Taalfoute steurend en begin betekenis beïnvloed. |
| | **Struktuur:**<br>**Taal:** | Geen inleiding en/of slot nie;<br>Opstel hortend en **vloei nie**.<br>Oormatige taalfoute. |
| | **Struktuur:**<br>**Taal:** | Geen inleiding of slot nie.<br>Paragrafering swak; feite **verwarrend**.<br>Swak taalgebruik, oormatige gebruik van Engels; dele onverstaanbaar. |

IEB Copyright © 2024

## AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

## RIGLYNE BY DIE ASSESSERING VAN DIE SKRYFWERK

1. Die nasienrubriek moet goed bestudeer en deurgaans geraadpleeg word.

2. As die kandidaat misgetas het of die opdrag verkeerd geïnterpreteer het, moet die kandidaat streng gepenaliseer word ten opsigte van inhoud. Taal moet egter normaalweg geassesseer word.

   Voorbeeld: Toespraak

   Inhoud, beplanning en formaat G
   Taal, styl en redigering G

3. **Die neerskryf van punte:** Gebruik die korrekte rubriek vir elke skryfstuk. Assesseer die kandidaat se skryfstuk volgens die kriteria en vlakke van die rubriek.

   Skryf die punte soos volg neer: Inhoud : G
   Taal : G

   Halfpunte word na die eindtotaal oorgedra en daar afgerond.

4. Vraag 6: die punt moet deur 2 gedeel word om die totaal uit 10 te laat reflekteer en te laat tel, bv. 13½ ÷ 2 = 6½

5. Die volgende simbole moet tydens die assessering van die skryfstuk gebruik word:

| SIMBOOL | BESKRYWING | VERDUIDELIKING |
|---|---|---|
| // | Dubbelstrepie aan die begin van sin dui die begin van 'n nuwe paragraaf aan | Nuwe paragraaf |
| interresant | Strepie onder die woord | Spelfout |
| × | Kruisie oor woord | Foutiewe woord |
| ( ) | Hakies | Foutiewe woordorde |
| ^ | Weglaatteken | Woord(e)/leesteken uitgelaat |
| T (in kantlyn) | Hoofletter T | Tyd venrwarrend/foutief gebruik |
| ?/≀ (in die kantlyn) | Groot vraagteken/ kronkelstreep | Onduidelik/ onverstaanbaar |
| enough | Kring om woord | Engelse woord |
| hh | Dubbele *h* | Herhaling |
| Skryf die hoofletter of komma in | | Hoofletter / komma / punt |

## VRAAG 5 KOERANTBERIG

Leerlinge moet 'n koerantberig oor skooluniforms skryf waarin die volgende punte aangespreek word:

[1] **waarom** moet uniforms of gedra/of nie gedra word nie (standpunt ingeneem);
[2] **voor- en nadele** van uniforms/skooldrag genoem; en
[3] **onkostes en uitgawes** verbonde aan uniforms bespreek.

**Onthou:**
Dis 'n transaksionele skryfstuk. Leerlinge moet meer uitbrei as om bloot die vrae aan te spreek.
**Lengte:** 150–220 woorde (indien te kort of te lank skryf word leerlinge gepenaliseer).

## VRAAG 6 E-POS

Leerlinge moet 'n e-pos aan sy/haar ouers oor die naderende matriekvakansie skryf.

**Opdrag:**

In die e-pos moet hulle hul ouers ...
[1] vertel **wat hulle** gedurende die vakansie **wil doen;**
[2] vir **toestemming vra** (al is hulle dalk reeds 18 jaar oud);
[3] hulle vertel **waarom** hulle dit wil doen
[4] en vertel **hoe** hulle daarvoor gaan **betaal.**

**Instruksies:**
- Die e-pos moet 'n **inleidings- en 'n slotparagraaf** hê.
- Lengte: **60–100 oorde** (indien te kort of te lank geskryf word, word leerlinge gepenaliseer). Totale **aantal woorde moet aangedui wees**.
- Alhoewel die korrekte formaat verskaf word, **moet** dit gevolg word.

**Onthou:**
Dis 'n transaksionele skryfstuk. Leerlinge moet meer uitbrei as om bloot die vrae aan te spreek.

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2024

## D7 RUBRIEK: TRANSAKSIONELE SKRYFSTUKKE – VRAESTEL II, AFDELING B

## VRAAG 5 ; VRAAG 6

<table>
<tr><th>KRITERIA</th><th colspan="5">UITSONDERLIK</th><th colspan="3">KNAP</th><th colspan="5">VOLDOENDE</th><th colspan="4">ELEMENTÊR</th><th colspan="7">ONVOLDOENDE</th></tr>
<tr><td rowspan="2">INHOUD BEPLANNING STRUKTUUR</td><td>12</td><td>11½</td><td>11</td><td>10½</td><td>10</td><td>9½</td><td>9</td><td>8½</td><td>8</td><td>7½</td><td>7</td><td>6½</td><td>6</td><td>5½</td><td>5</td><td>4½</td><td>4</td><td>3½</td><td>3</td><td>2½</td><td>2</td><td>1½</td><td>1</td><td>½</td></tr>
<tr><td>100%</td><td>96%</td><td>92%</td><td>88%</td><td>83%</td><td>79%</td><td>75%</td><td>71%</td><td>67%</td><td>63%</td><td>58%</td><td>54%</td><td>50%</td><td>46%</td><td>42%</td><td>38%</td><td>33%</td><td>29%</td><td>25%</td><td>21%</td><td>17%</td><td>13%</td><td>8%</td><td>4%</td></tr>
<tr><td>1. Respons en idees</td><td colspan="5">1. Uitsonderlike hantering van tipe teks; opdrag volwasse uitgebrei met intelligente idees; skryfstuk behou fokus.</td><td colspan="3">1. Goeie hantering van tipe teks; opdrag goed benader met goeie idees; skryfstuk behou fokus.</td><td colspan="5">1. Voldoende hantering van tipe teks; idees gewoon en soms nie gefokus nie.</td><td colspan="4">1. Swak hantering van teks; opdrag onsuksesvol benader met elementêre idees; kom nie by die punt uit nie.</td><td colspan="7">1. Geen kennis van kenmerke van dié soort teks nie; inhoud maak weinig sin; mistasting.</td></tr>
<tr><td>2. Organisering van idees; vloei van leesstuk</td><td colspan="5">2. Uitstekende samehang van idees en gemaklike vloei van teks.</td><td colspan="3">2. Goeie samehang van idees en teks vloei.</td><td colspan="5">2. Leesstuk minder vloeiend.</td><td colspan="4">2. Leesstuk hortend.</td><td colspan="7">2. Leesstuk baie onsamehangend.</td></tr>
<tr><td>3. Struktuur – Inleiding, slot, paragrafering</td><td colspan="5">3. Struktuur gepas.</td><td colspan="3">3. Struktuur gepas.</td><td colspan="5">3. Struktuur oorwegend gepas met enkele foute.</td><td colspan="4">3. Struktuur toon ernstige foute.</td><td colspan="7">3. Struktuur onvanpas.</td></tr>
</table>

<table>
<tr><td rowspan="2">TAAL, TOON EN STYL</td><td>8</td><td>7½</td><td>7</td><td>6½</td><td>6</td><td>5½</td><td>5</td><td>4½</td><td>4</td><td>3½</td><td>3</td><td>2½</td><td>2</td><td>1½</td><td>1</td><td>½</td></tr>
<tr><td>100%</td><td>94%</td><td>88%</td><td>81%</td><td>75%</td><td>69%</td><td>63%</td><td>56%</td><td>50%</td><td>44%</td><td>38%</td><td>31%</td><td>25%</td><td>19%</td><td>13%</td><td>6%</td></tr>
<tr><td>1. Toon, register, styl</td><td colspan="3">1. Toon en register in die kol.</td><td colspan="3">1. Toon en register effektief.</td><td colspan="3">1. Toon en register gepas.</td><td colspan="2">1. Toon en register nie altyd gepas nie.</td><td colspan="5">1. Toon en register onvanpas.</td></tr>
<tr><td>2. Grammatika</td><td colspan="3">2. Grammatika feitlik foutvry, puik woordeskat; lees vlot; puik kommunikasie; geen tweede lees nodig nie.</td><td colspan="3">2. Sinne oorwegend goed gekonstrueer; goeie woordeskat; enkele ernstige foute; kommunikasie goed. Lees maklik.</td><td colspan="3">2. Heelwat ernstige taalfoute maar belemmer nie betekenis nie; leemtes in woordeskat; enkele Engelse woorde.</td><td colspan="2">2. Taalfoute belemmer betekenis; woordeskat swak; Engelse woorde en verkeerde woordkeuses.</td><td colspan="5">2. Besaai met taalfoute; betekenis verwarrend; woordeskat swak of oorwegend Engels; onmoontlik om te lees en te korrigeer.</td></tr>
</table>

IEB Copyright © 2024